**15 April** **Skrifgedeelte: Psalm 139:13-16**
**Fokusgedeelte: Psalm 139:14**
**HK, Vraag 105**

## Die Here gee lewe

Sy was ’n onskuldige plaasmeisie. Pas uit die skool. Sy wring haar hande teen mekaar. Amper asof sy aan die swaar antwoord beeld wil gee. Dan ruk dit uit haar: “Ek verwag! My ouers sal dit nie kan aanvaar nie. Ek moet ’n aborsie hê!” Dit het bid, mooipraat en kalmte gekos. Haar ouers se liefde en begrip was oorweldigend. Sy het eers van plan verander toe die Here deur Psalm 139 met haar gepraat het. “U het my gevorm, my aanmekaar geweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op ’n wonderbaarlike wyse geskep …” God skep! God gee lewe!

Dit is ook die kern van die sesde gebod. Lewe behoort aan die Here. Toe Jesus kom bevestig Hy dit (Joh 14:6): “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Menselewens het vir die mensemoordenaar, Satan, min waarde, maar vir die Lewensvors, Jesus Christus, is die lewe van mense baie kosbaar. Hy was selfs bereid om sy lewe af te lê sodat mense kon lewe. Hy betaal vir ons sonde wat die lewe verwoes het.

’n Paar jaar later sien ek weer die vroutjie. Nou met ’n pragtige blondekop-dogtertjie. Die ou dingetjie fladder-wip tot by haar ma. “Ek het jou lief, Mamma!” Dan dartel sy weer weg. Dan druk die vroutjie se oë my siel teen die muur vas. “Dit is waar, dominee. Die Here gee lewe ...”

*Sing: Psalm 42:1, 5 (1936-beryming)* *Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~